

Beeld Sport

Maandag | 1 Februarie 2016 | BL. 20 | E-pos: sport@sport24.co.za | Facebook: Sport/koerante | Tw

Irvette hardloop beste binnelandse tyd nóg

Johannesburg. – Te midde van groot onsekerheid oor presies hoe die Suid-Afrikaanse marathonspan vir die Olimpiese Spele in Augustus gekies sal word, het die Olimpiese marathonatleet Irvette van Zyl gisteroggend nóg 'n indrukwekkende vertoning gelever.

Met haar puik binnelandse tyd van 72 minute en 8 sekondes in die Johnson Crane-halfmarathon in Benoni – en 'n haastige 33:30 verlede week oor 10 km in Pretoria – het dié Olimpiese marathonatleet van 2012 gewys sy kan in April in die Londen-marathon 'n tyd hardloop

wat haar baie moeilik uit die Olimpiese span sal hou.

Haar tyd gisteroggend is die vinnigste nóg in die binneland wat hoog bo seevlak is.

Dit is vier sekondes vinniger as die vorige beste tyd wat René Kalmer twee jaar gelede hier gehardloop het en 42 s vinniger as haar vorige beste.

'n Mens kry die idee Atletiek Suid-Afrika (ASA) is nie baie lus nie om atlete te kies wat marathons soos die Londen-marathon bo die SA marathon-kampioenskap verkies.

Maar, al kwalifiseer die Nedbank-

atleet eers in Londen, voldoen Van Zyl steeds aan ASA se voorskrifte omdat sy in 2014 in Kaapstad aan die SA marathon deelgeneem het.

Van Zyl, wat al tiende in die Londen-marathon was, kon nie verlede jaar aan die SA marathon deelneem nie omdat sy verwagting was met haar en haar man, die Olimpiese atleet LJ van Zyl, se eersteling, Louis. Hy is in September gebore.

Van Zyl, wat hoop om ook vir die 10 000 m te kwalifiseer, het onlangs eers weer ernstig begin oefen. Daarom is dit nie moontlik dat sy al op 20 Februarie in Oos-Londen in die

SA marathon kan hardloop nie.

Aleck Skhosana, president van ASA, het eergistermiddag ná 'n vergadering tussen ASA, die land se voorste atlete en hul afrigters in Kempton Park, dit duidelik gemaak ASA sien sy nasionale kampioenskappe as 'n prioriteit.

■ Skhosana het op dié vergadering die versekering gegee die enigste maatstawwe vir die kies van die Olimpiese span, is dié waartoe ASA en die Suid-Afrikaanse Sportkonferensie en Olimpiese Komitee verlede jaar ooreengekom het. – **Sarel van der Walt**